Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Leicester Momberg**
Direktoraat: Kurrikulum VOO
Leicester.Momberg@westerncape.gov.za | 021 467 2436

Lêerno.: 22/2/6/1
Verwysing: 20230515-4298

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0003/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs vir Ekonomie, Rekeningkunde, Wiskunde en Lewensoriëntering, en Prinsipale van skole wat graad 10 tot 12 aanbied

**Onderwerp: Wes-Kaapse opstelbeurskompetisie vir graad 11-leerders wat Ekonomie, Rekeningkunde en Wiskunde neem (2023/24)**

1. Die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie, in samewerking met Nedbank en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD), nooi skole uit om vir die 2023/24 Wes-Kaapse opstelbeurskompetisie in te skryf.

2. Die kompetisie bied graad 11-leerders in die Wes-Kaap, wat 'n kombinasie van Ekonomie, Wiskunde en Rekeningkunde as vakke neem, die geleentheid om beurse en ander prestasielone te bekom om hul studie in hierdie velde aan 'n universiteit voort te sit.

3. Hoogstens 12 beurse sal toegeken word aan leerders wat beoog om 'n graad in Ekonomie (bv. B.Com (Ekonomie)), Rekeningkunde (bv. B.Rek., B.Compt.), Handel (bv. B.Bus.Sc.) of Wiskunde aan 'n Wes-Kaapse universiteit te verwerf.

4. Die beurse is vir graad 11-leerders wat in minstens twee van die volgende vakke uitblink (minimum van 60%) – Ekonomie, Wiskunde en Rekeningkunde, en wat in 2025 om toelating tot 'n universiteit in aanmerking kom. Deelnemers moet Suid-Afrikaanse burgers wees wat in die Wes-Kaap woon en oor goeie gesproke en geskrewe taalvermoë in Engels beskik.


wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 819 919 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaapse Onderwysdepartement

5. Die beurskompetisie is daarop gemik om:
   - entoesiasme vir Ekonomie, Wiskunde, Rekeningkunde en loopbaangeleenthede in hierdie velde te bevorder;
   - kennis en vaardighede in Ekonomie, Wiskunde en Rekeningkunde te bevorder;
   - probleemoplossings- en analitiese vaardighede te ontwikkel;
   - leerders aan navorsingsmetodes en opstelskryfvaardighede bloot te stel;
   - leerders met toegang tot en skakeling met die werkswêreld te voorsien;
   - bewustheid van sosio-ekonomiese kwessies in Suid-Afrika te kweek;
   - toekomstige leiers in die velde van Ekonomie, Wiskunde en Rekeningkunde te ontwikkel; en
   - voortreflikheid aan te moedig en te beloon.

6. Raadpleeg asseblief die volgende dokumente wat aangeheg is:
   - Bylae A: Bykomende belangrike inligting
   - Bylae B: Opstelonderwerp (slegs in Engels beskikbaar) met die nasienrubriek
   - Bylae C: Inskrywingsvorm (slegs in Engels beskikbaar)
   - Bylae D: Opstelskryfhandleiding/riglyne (slegs in Engels beskikbaar)

7. Skole behoort belowende leerders te kies om aan die kompetisie deel te neem. Hulle sal versoek word om 'n opstel van ongeveer 2 200 woorde te skryf. Die res van die graad 11-ekonomieklas kan 'n opstel van hoogstens 600 woorde oor dieselfde onderwerp skryf, wat as deel van die navorsingsprojek vir die skoolgebaseerde assessering sal tel.

8. 'n Span onderwysers by die skool sal die assesseringsrubriek wat voorsien is, gebruik om die twee toppresteerders te kies wat aan die minimumvereistes van 60% (opstel en mondelinge voordrag saam) voldoen om na die volgende fase van die kompetisie deur te dring. Die opstelle en punteblaaie van die **twee toppresteerders** moet teen nie later nie as **10 November 2023** by die distrikskantoor vir beoordeling op vlak 2 (distriksvlak) ingedien word.

9. 'n Beoordelingspaneel in elke distrik sal die kwalifiserende opstelle van skole beoordeel en die finaliste kies. Die tien beste opstelle per distrik sal deur hierdie paneel gekies en teen **24 November 2023** na die finale vlak (provinsiale vlak) gestuur word.

10. Die beste opstelle van die totale getal wat ingedien is, sal deur die finale keuringspaneel gekies word, wat uit verteenwoordigers van Nedbank, die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie en die WKOD sal bestaan.

11. Finaliste sal genooi word om die finale keuringsproses in Maart/April 2024 in Kaapstad by te woon – op 'n Vrydagmiddag en Saterdagoggend. Daar sal van hulle verwag word om 'n mondelinge voordrag oor hul navorsingbevindinge te lewer en vrae te beantwoord wat deur die keuringspaneel gestel sal word. Die Ekonomie-onderwysers van die finaliste sal genooi word om hulle te vergesel. Die lede van die distrikpaneel sal genooi word om die toekenningseremonie op die Saterdagaand by te woon.

12. Navrae oor die skryf en nasien van opstelle moet aan die distrik se vakadviseur vir Ekonomie gerig word.

13. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle graad 11-onderwysers vir Ekonomie, Wiskunde, Rekeningkunde, Engels en Lewensoriëntering te bring.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2023-05-18